KULTUUR

TINK-TINKIES

Elke jaar word daar ‘n nuwe koor gekies aangesien elke Tink-Tinkie net een jaar mag sing. Oudisies hiervoor vind aan die begin van hul Gr R jaar plaas. Ons fokus is om ‘n liefde vir musiek te kweek en om hul aan te moedig om in hul Laerskoolloopbaan deel te vorm van ons pragtige Junior Koor.

DOEL VAN TINK-TINKIES

Ons doel, visie en missie by die Tink-Tinkies is die ontwikkeling van ‘n kind se persoonlikheid, die uitbreiding van woordeskat, die vestiging van musikale kennis asook die storievertelling deur middel van musiek. Die doel is ook om die koorlid meer selfvertroue te gee en bevorder ‘n positiewe selfbeeld. Koor lei tot selfdissipline en versterk die vermoë om te konsentreer en te fokus. Om as span saam te werk bevorder ook sosiale vaardighede.

HOEKOM AAN TINK-TINKIES DEELNEEM?

Ons kweek ‘n liefde vir sang van kleins af. Dit leer die Graad R maats selfvertroue en dissipline. Ons leer ook om in ‘n span saam te werk en ontwikkel sosiale vaardighede. Sing is lekker! Ons neem aan kompetisies soos die Centurion Kunstefees en Afrikaanse Kunsvereniging se kunswedstryd deel.

TOOT TOOT!!